Compulsory Specification for/
Verpligte Spesifikasie vir

Smoked snoek/
Gerookte snoek

Published by Government Notice 474 (Government Gazette 4231) of
22 March 1974/
Gepubliseer by Goewermentskennisgewing 474 (Staatskoerant 4231) van
22 Maart 1974

UDC/UDK 664

VC 8021

VC 8021

STANDARDS ACT, 1962
(Act No. 33 of 1962)

COMPULSORY STANDARD SPECIFICATION

for

SMOKED SNOEK

as published by Government Notice No. 474 of
22 March 1974

WET OP STANDAARDE, 1962
(Wet No. 33 van 1962)

VERPLIGTE STANDAARDSPESIFIKASIE

vir

GEROOKTE SNOEK

soos afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 474 van
22 Maart 1974

DEPARTEMENT VAN NYWERHEIDSWESE

No. 474. 22 Maart 1974

WET OP STANDAARDE, 1962

VERPLIGTE STANDAARDSPESIFIKASIE VIR GEROOKTE SNOEK

Op aanbeveling van die Raad van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde en kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 15 van die Wet op Standaarde, 1962 (Wet 33 van 1962), verklaar ek, Jan Christiaan Heunis, Adjunk-minister van Ekonomiese Sake, hierby die standaardspesifikasie in die Bylae vervat tot verpligte standaardspesifikasie vir gerookte snoek, met ingang van die datum twee maande na publikasie van hierdie kennisgewing.

J. C. HEUNIS, Adjunk-minister van Ekonomiese Sake.

BYLAE

VERPLIGTE STANDAARDSPESIFIKASIE VIR GEROOKTE SNOEK

(Metrieke Eenhede)

1. BESTEK.

1.1 Hierdie spesifikasie dek die vervaardiging, produksie, verwerking of behandeling van die gekookte produk, gerookte snoek (*Thyrsites atun*).

2. WOORDBEPALING.

2.1 Die volgende woordbepalings geld vir die doel van hierdie spesifikasie:

Aanneemlik.—Aanneemlik vir die owerheid wat hierdie spesifikasie toepas.

Fabriek.—Enige perseel waar die produk voorberei of verwerk word of albei. Vir sover die vereistes van hierdie spesifikasie toepaslik is, dek hierdie woordbepaling ook fabriekskepe en vissersbote wat die produk vir rokingsdoeleindes hanteer.

Gerookte snoek.—Die voedsel vir menslike verbruik wat verkry word deur die voorbereiding en warmroking van snoek.

Halofiele.—Bakterieë en skimmel wat in die aanwesigheid van hoë konsentrasie gewone sout ontwikkel en vermenigvuldig met die gepaardgaande bederf van die gesoute produk. Hierdie omskrywing sluit mikroörganismes in wat verkleuring en die ontstaan van rooi, pienk en vaalbruin pigmente veroorsaak.

Inspekteur.—'n Inspekteur wat kragtens artikel 18 van die Wet op Standaarde aangestel is.

Produk.—Snoek wat gerook gaan word of wat vir rook voorberei word of wat gerook word of wat gerook is, soos blyk uit die sinsverband.

3. ALGEMENE VEREISTES VIR DIE FABRIEK EN WERKNEMERS.

3.1 ALGEMENE VEREISTES VIR DIE FABRIEK. —Daar moet aan die vereistes van die Wet op Fabrieke,

DEPARTMENT OF INDUSTRIES

No. 474 22 March 1974

STANDARDS ACT, 1962

COMPULSORY STANDARD SPECIFICATION FOR SMOKED SNOEK

On the recommendation of the Council of the South African Bureau of Standards and under the powers vested in me by section 15 of the Standards Act, 1962 (Act 33 of 1962), I, Jan Christiaan Heunis, Deputy Minister of Economic Affairs, hereby declare the standard specification contained in the Schedule to be a compulsory standard specification for smoked snoek, with effect from the date two months after the publication of this notice.

J. C. HEUNIS, Deputy Minister of Economic Affairs.

SCHEDULE

COMPULSORY STANDARD SPECIFICATION FOR SMOKED SNOEK

(Metric Units)

1. SCOPE.

1.1 This specification covers the manufacture, production, processing, or treatment of the cooked product, smoked snoek (*Thyrsites atun*).

2. DEFINITIONS.

2.1 For the purposes of this specification the following definitions shall apply:

Acceptable.—Acceptable to the authority administering this specification.

Factory.—Any premises in which the product is prepared or processed or both. To the extent to which the requirements of this specification can be applied, this definition includes factory ships and fishing vessels handling snoek for the purposes of smoking.

Halophiles.—Bacteria and moulds capable of development and proliferation in the presence of high concentrations of common salt wit accopanying spoilage of the salted product. The definition includes the discoloring micro-organisms commonly known as "red bacteria", "pinking bacteria" and "dun".

Inspector.—An inspector appointed in terms of section 18 of the Standards Act.

Product.—Snoek intended for smoking or in the course of preparation for smoking or in the course of being smoked or after having been smoked, as indicated by the context.

Smoked snoek.—The article of food for human consumption obtained by the preparation and hot smoking of snoek.

3. GENERAL REQUIREMENTS FOR THE FACTORY AND FOR EMPLOYEES.

3.1 GENERAL REQUIREMENTS FOR THE FACTORY.—The requirements of the Factories, Machinery

Masjinerie en Bouwerk voldoen word. Daarbenewens moet die fabriek, gereedskap, bevriesings- en koelkamergeriewe en water wat by die voorbereiding van die produk gebruik word, aan die volgende vereistes voldoen:

3.1.1 *Konstruksie van en toestande in die fabriek.*

3.1.1.1 Die dak moet weerbestand wees en indien daar 'n plafon is, moet dit glad en stofdig wees.

3.1.1.2 Die vloer moet van waterdigte materiaal gemaak wees. Die oppervlakafwerking daarvan moet behoorlik skoongemaak kan word. Dit moet 'n behoorlike val hê en moet in buite-afvoerslootjies dreineer wat met rioolpype of afvoerkanale verbind is. Die vloer moet gedurende produksietye skoongehou word deur dit gereeld te vee en met water af te spoel, en daar moet gesorg word dat vullis nie in afvoerkanale ophoop nie. Die vloere en afvoerkanale moet na afloop van produksiewerksaamhede deeglik skoongemaak word. Indien nodig, moet plankmatte vir werkers voorsien word.

3.1.1.3 Die binnevlakke van die mure van verwerkingskamers moet waterdig wees en moet tot 'n hoogte van minstens 1,8 m bokant die vloervlak 'n gladde, ligkleurige, wasbare afwerking hê. Die mure moet, indien nodig, onmiddellik na elke dag se werksaamhede deeglik gewas word.

3.1.1.4 Rommel, afval en oorloop moet dadelik en doeltreffend op 'n higiëniese wyse, indien moontlik met meganiese middele, weggeruim word.

3.1.1.5 Die algemene verligting moet van so 'n aard wees dat dit doeltreffende voorbereiding, verwerking en skoonmaak toelaat.

3.1.1.6 Die ventilasie moet oortollige stoom verwyder en moet die vorming van kondensaat verhoed wat in die grondstowwe of die produk of op uitrusting wat daarmee in aanraking kom, kan val. Indien nodig, moet die natuurlike ventilasie op meganiese wyse aangevul word.

3.1.1.7 Doeltreffende maatreëls moet getref word om skimmelgroei te verhinder en om stof, afskilferende verf en ander los materiaal wat van mure, plafonne en bostrukture in verwerkings- en bewaarkamers op die produk kan val, te verwyder.

3.1.1.8 Doeltreffende maatreëls moet getref word om vlieë en ander insekte uit die fabriek te hou.

3.1.1.9 Die fabriek waarin die produk voorberei of verwerk word, moet knaagdierdig wees en moet vry van knaagdiere gehou word.

3.1.1.10 Insek- en knaagdierdoders en chemiese skoonmaakmiddels mag nie gebruik word terwyl voorbereidings- of vervaardigingswerksaamhede aan die gang is nie. Werkvlakke moet vry van insek- en knaagdierdodende residu's gehou word. Insek- en knaagdierdoders en skoonmaakmiddels mag nooit met toedraaipapier, houers, grondstowwe of die produk in aanraking kom nie.

3.1.1.11 Enige afvoerstelsel by die kaai en enige vervoerstelsel na die fabriek, met inbegrip van hysbakke, moet voor en na gebruik skoongemaak word en staande water en ou materiaal moet daaruit verwyder word. Bewaartenks moet op dieselfde wyse behandel word.

3.1.1.12 Geen fabriekskoorsteen, berokingskamer of motoruitlaatpyp mag rook of dampe afgee in hoeveelhede of op 'n wyse wat aanstootlik, of skadelik of gevaarlik vir die gesondheid is of wat in enige stadium van die voorbereiding van die produk besoedeling veroorsaak nie.

3.1.1.13 Verwerkingsinstallasies vir die vervaardiging van neweprodukte wat 'n nadelige uitwerking op die produk kan hê, moet doeltreffend van die fabriek geskei wees. Afval moet op higiëniese wyse van die verwerkingsgebied verwyder word, en houers met afval wat uit die fabrieksterrein geneem moet word, moet goed van die verwerkingsgebied geskei wees.

and Building Work Act shall be complied with. In addition the factory, equipment, freezing and cold storage facilities, and water used in the preparation of the product shall comply with the following requirements:

3.1.1 *Construction of and conditions in the factory.*

3.1.1.1 The roof shall be weatherproof and the ceiling, if present, smooth and dustproof.

3.1.1.2 The floor shall be constructed of material impervious to water. It shall have a surface finish which will permit proper cleaning. It shall be adequately graded and drained to external gullies connected to sewers or drains.

During production periods the floor shall be kept clean by regular sweeping and flushing with water and refuse shall not be permitted to accumulate in drainage channels. At the close of operations, thorough cleaning of floors and drainage channels shall take place. Where necessary, duckboards shall be provided for workers.

3.1.1.3 The inside surfaces of the walls of processing rooms shall be impervious to water and shall have a smooth light-coloured washable finish to a height of at least 1,8 m above floor level. They shall, where necessary, be thoroughly washed immediately after each day's operation.

3.1.1.4 Litter, waste and overflow shall be disposed of promptly and efficiently in a sanitary manner, where possible by mechanical means.

3.1.1.5 General illumination shall permit effective preparation, processing and cleaning.

3.1.1.6 The ventilation shall effect the removal of excess steam and shall prevent the formation of condensate which may fall into raw materials or the product or on equipment coming into contact with them. Natural ventilation shall be augmented, if necessary, by mechanical means.

3.1.1.7 Effective measures shall be taken to inhibit mould growth and to remove dust, flaking paint, and other loose or detachable material liable to fall on the product from walls, ceilings and overhead structures in processing and storage rooms.

3.1.1.8 Effective measures shall be taken to keep the factory free from flies and other insects.

3.1.1.9 The factory in which the product is prepared or processed shall be rodentproofed and shall be kept free from rodents.

3.1.1.10 Insecticides, rodenticides and cleaning chemicals shall not be used while preparation or manufacturing operations are in progress. Working surfaces shall be kept free from insecticidal and rodenticidal residues. Insecticides, rodenticides and cleaning chemicals shall at no time come into contact with wrappers, containers, raw materials or the product.

3.1.1.11 Any discharge system at the jetty and any conveyance system to the factory, including elevators, shall be cleared of stagnant water and stale material and shall be cleaned before and after use. Holding tanks shall be similarly treated.

3.1.1.12 No factory chimney, smoke-room or motor exhaust shall emit smoke or fumes in a quantity or in a manner that is offensive or injurious or dangerous to health or causes contamination at any stage in the preparation of the product.

3.1.1.13 Processing plants for the manufacture of by-products which may deleteriously affect the product shall be effectively separated from the factory. Offal shall be removed from the processing area in a hygienic manner and containers for offal awaiting removal from the factory area shall be well separated from processing areas.

3.1.1.14 Voldoende wasbakke of -trôe met aanneemlike seep of detergent, 'n aanneemlike ontsmettingsmiddel en voldoende skoon warm en koue lopende water of skoon warm water vir handewas, moet op gerieflike plekke in al die voorbereidings- of verwerkingsafdelings van die fabriek waar daar met die hand aan die onbeskermde produk geraak word, verskaf word. Indien die hande na die was afgedroog moet word, moet weggooihanddoeke of ander aanneemlike middele om die hande af te droog, verskaf word.

3.1.1.15 Die fabriek moet te alle tye in 'n higiëniese toestand gehou word. Diere mag in geen deel van die fabriek as sulks toegelaat word nie.

3.1.1.16 Met betrekking tot die hantering, vervoer, voorbereiding, rook, verpakking, vries (indien toepaslik) en bewaring van die produk, mag geen handeling plaasvind of toestand heers wat nadelig vir die produk is nie.

3.1.2 *Uitrusting.*

3.1.2.1 Alle installasies, uitrusting en gereedskap wat met die produk in aanraking kom, moet van materiaal met 'n gladde oppervlak en wat bestand is teen korrosie deur pekel gemaak wees, moet 'n higiëniese ontwerp hê en moet sodanig gemaak wees dat dit maklik is om die uitrusting, sowel as die plekke waarop dit staan, skoon te maak en te steriliseer. Lood en loodlegerings, uitgesonderd soldeersel, mag nie vir die konstruksie van uitrusting wat in enige stadium tydens die vervaardigingsproses met grondstowwe of die onbeskermde produk in aanraking kom, gebruik word nie. Houttafels mag nie in die verwerkingsafdeling gebruik word nie. Die blaaie van voorbereidings- en verpakkingstafels moet gemaak word van gladde korrosiebestande materiaal wat waterdig is, en moet 'n higiëniese afwerking hê. Maklike verwyderbare snyplanke, met 'n higiëniese konstruksie en van ligkleurige materiaal (uitgesonderd hout), wat geskik is vir gebruik met voedsel, kan gebruik word. Die blaaie en tafels moet vinnige en doeltreffende dreinering in die hand werk en moet glad en vry van barste en splete wees. Rottangmandjies in 'n goeie, skoon toestand kan by die aflaai van die vissersboot gebruik word.

3.1.2.2 Alle installasies, uitrusting en gereedskap moet skoon en in 'n goeie toestand gehou word. Skoonmaak- en ontsmettingsmiddels, warm en koue lopende water of versadigde stoom, waterslange, borsels en ander benodigdhede vir die skoonmaak van installasies, uitrusting en gereedskap moet beskikbaar wees. Installasies, uitrusting en gereedskap moet, nadat dit met 'n detergent of ander skoonmaakmiddel deeglik skoongemaak is, ontsmet word met 'n oplossing met 'n gehalte aan vry residuele chloor van minstens 20 d.p.m. of met 'n ander aanneemlike ontsmettingsoplossing. Die vrye residuele chloorkonsentrasie van chlooroplossings moet volgens die 5-sekonde-ortotolidienflitstoets of ander aanneemlike metode wat soortgelyke resultate lewer, bepaal word. Die uitrusting moet onmiddellik voor die aanvang van werksaamhede met water wat aan die vereistes van 3.1.4.1 of 3.1.4.2 voldoen, afgespoel word om die ontsmettingsmiddel te verwyder. Die hele verwerkingstelsel moet aan die einde van elke dag se werksaamhede skoongemaak word en dit moet onmiddellik voor verdere gebruik skoon wees. Handskoene en messe moet na gebruik of enige ander tyd wanneer sterilisering van uitrusting nodig is, deeglik skoongemaak en daarna met nat stoom, chloorwater of ander aanneemlike ontsmettingsoplossing of volgens 'n aanneemlike ontsmettingsproses ontsmet word. Vir hierdie doel moet steriliseringsgeriewe op gerieflike plekke beskikbaar wees.

3.1.2.3 Wanneer die houers vol of gedeeltelik vol grondstowwe of die produk is, mag dit nie op so 'n manier gestapel word dat die inhoud van een houer aan die onderkant van die houer hom raak nie. Houers mag nie regstreeks op die vloer gepak word nie.

3.1.1.14 An adequate number of wash basins or troughs with an acceptable soap or detergent, an acceptable disinfectant and an adequate supply of clean hot and cold running water or clean warm water for handwashing shall be provided at convenient points throughout the preparation or processing areas of the factory where the unprotected product is handled. Where hands are required to be dried after washing, disposable towels or other acceptable means of drying the hands shall be used.

3.1.1.15 The factory shall at all times be maintained in a hygienic state. Animals shall not be allowed in any part of the factory proper.

3.1.1.16 In relation to its handling, transportation, preparation, smoking, packing, freezing (where relevant) and storage, no operations shall be performed and no conditions shall be present that are detrimental to the product.

3.1.2 *Equipment.*

3.1.2.1 All plant, equipment and utensils coming into contact with the product shall be made of smooth-surfaced material resistant to corrosion by brine, shall be of hygienic design, and shall be so constructed as to facilitate their cleaning and sterilization and that of the areas beneath them. Lead and lead alloys other than solder shall not be used in the construction of equipment coming into contact with raw materials or the unprotected product at any stage in its manufacture. Wooden tables shall not be used in processing areas. The tops of preparation and packing tables shall be made of smooth corrosion-resistant material impervious to water, and shall have a hygienic finish. Easily removable cutting boards of hygienic construction made of acceptable light-coloured material other than wood and suitable for use with food, may be used. The tops of tables shall allow rapid and effective drainage and shall be smooth and free from cracks and crevices. Wicker baskets in good clean condition may be used in unloading the fishing vessel.

3.1.2.2 All plant, equipment and utensils shall be kept clean and in good repair. Cleaning and disinfecting materials, hot and cold running water or saturated steam, hose piping, brushes and other requisites necessary for the cleaning of plant, equipment and utensils shall be available. Plant, equipment and utensils after thorough cleaning with a detergent or other cleaning agent shall be disinfected by the application of a solution having a free residual chlorine content of at least 20 ppm, or other acceptable disinfecting solution. The free residual chlorine concentration of chlorinated solutions shall be determined by the orthotolidine 5 second "flash" test or other method giving equivalent results. Immediately before the commencement of operations, equipment shall be rinsed with water complying with the requirements of 3.1.4.1 or 3.1.4.2 to remove the disinfecting agent. The entire processing system shall be cleaned at the end of each day's operations, and shall be clean immediately before further use. Gloves and knives shall be thoroughly cleaned and then disinfected by the use of wet steam, chlorinated water or other acceptable disinfecting solution or procedure, after use, or at any time when sterilization of equipment is necessary. To this end sterilization facilities shall be available at convenient points.

3.1.2.3 Containers, when filled or partially filled with raw materials or with the product, shall not be stacked in a manner that allows contact of the contents of one container with the bottom of the container stacked above it. Containers shall not be stacked directly on the floors.

3.1.2.4 Gereedskap wat by die voorbereiding van die produk gebruik word, mag nie deur werknemers uit die fabriek verwyder word nie, behalwe vir herstelwerk of vervanging.

3.1.2.5 Toedraaimateriaal moet in korrosiebestande voorraadhouers met 'n higiëniese konstruksie gehou word.

3.1.2.6 Masjienonderdele en voorrade wat die produk kan besoedel, moet weg van die verwerkingsafdeling bewaar word.

3.1.3 *Bevriesings- en koelkamergeriewe.*—Vrieskamers, koelkamers en uitrusting moet doeltreffend werk en moet skoon en higiënies wees. Bewaarkamers vir die bevrore produk moet voorsien wees van outomatiese temperatuurregistreerders met genoeg voelelemente om die totale lugtemperatuur binne die kamers op doeltreffende wyse te moniteer. Geriewe wat deurlopende bevriesingsgeriewe verskaf, moet op dieselfde manier gemoniteer wees en alle registreerders moet die temperature noukeurig aandui. Lotbevriesingsfasiliteite moet van buitemeters of ander temperatuuraanwysers voorsien wees. Die temperature van koelkamers en bevriesingsgeriewe moet aangeteken word en 'n rekord daarvan moet vir ondersoek beskikbaar wees. Produkte mag nie regstreeks op die vloer of teenaan mure gepak word nie. Die produkte in lotbevriesingsfasiliteite, uitgesonderd plaatvriesingsfasiliteite, moet so gepak word dat die lugvloei tussen die stapels nie belemmer word nie. Daar moet aan die toepaslike vereistes van statutêre wette en regulasies voldoen word.

3.1.4 *Water.*

3.1.4.1 *Drinkbare water.*—Behoudens die bepalings van 3.1.4.2, moet elke fabriek 'n toereikende voorraad skoon, drinkbare water hê wat vry is van stowwe in suspensie en bestanddele wat skadelik vir die produk of nadelig vir die gesondheid is. Die water moet d.m.v. uitvlokking, filtrering, chlorering of volgens 'n ander aaneemlike proses behandel wees om te verseker dat dit aan die volgende vereistes voldoen:

(a) In 95 persent van die watermonsters wat gedurende 'n jaar ondersoek is, mag daar geen kolivormige organismes in 100 ml wees nie.

(b) Geen monster mag *E. coli* in 100 ml bevat nie.

(c) Geen monster mag meer as 10 kolivormige organismes per 100 ml bevat nie.

(d) Kolivormige organismes mag nie in 100 ml van enige twee opeenvolgende monsters bespeur word nie.

Vir die doeleindes van waterontleding sluit die kolivormige groep alle gramnegatiewe, nie-spoorvormende stawe in wat laktose kan laat gis met die voortbring van suur en gas by 37 °C binne minder as 48 h. *E. coli* word geag gram-negatiewe, nie-spoorvormende stawe te wees wat laktose kan laat gis met die voortbring van suur en gas by 37 °C sowel as 44 °C binne minder as 48 h; dit produseer indool in peptoonwater met triptofaan en kan nie natriumsitraat as enigste bron van koolstof benut nie.

Indien gechloreerde water die produk op enige wyse benadeel, moet sulke water onmiddellik voor gebruik ontchloor word.

3.1.4.2 *Seewater.*—Skoon, onbesoedelde, vars, lopende seewater kan in die fabriek gebruik word mits die telling kolivormorganismes nie 50 organismes per 100 ml water oorskry nie en mits geen *E. coli I* in 100 ml van die water bespeur kan word nie.

3.2 VEREISTES VIR WERKNEMERS BETROKKE BY DIE VOORBEREIDING EN VERWERKING VAN DIE PRODUK.

3.2.1. (a) Geen persoon wat aan 'n aansteeklike siekte ly of wat 'n draer is van 'n aansteeklike siekte, veral diaree, of wat aan 'n toestand ly wat etter of serum op

3.1.2.4 Utensils used in the preparation of the product shall not be removed from the factory by employees except for repair or replacement.

3.1.2.5 Wrapping materials shall be dispensed from corrosion-resistant containers of hygienic construction.

3.1.2.6 Spare parts for machinery and stores capable of contaminating the product shall be stored away from the processing area.

3.1.3 *Freezing and cold storage facilities.*—Freezers, cold stores and equipment shall operate effectively and shall be clean and hygienic. Storage rooms for the frozen product shall be equipped with automatic temperature recorders that have enough sensing elements to monitor effectively the overall air temperature inside the rooms. Continuous freezing facilities shall be similarly monitored, and all recorders shall accurately reflect the temperatures. Batch freezers shall be fitted with external gauges or other teperature indicators. A record of the temperatures of cold stores and freezing facilities shall be kept and shall be available for inspection. Products shall not be stacked directly on the floors or directly against the walls. The stacking of products in batch freezers other than plate freezers shall be such that air circulation between packages is not impeded. The applicable requirements of statutory acts and regulations shall be complied with.

3.1.4 *Water.*

3.1.4.1 *Potable water.*—Subject to the provisions of 3.1.4.2, every factory shall have an adequate supply of clean potable water free from suspended matter and substances that are deleterious to the product or injurious to health. The water shall have been so treated by flocculation, filtration, chlorination or other acceptable process as to ensure compliance with the following requirements:

(a) Throughout any year, 95 per cent of samples shall not contain any coliform organisms in 100 ml.

(b) No sample shall contain *E. coli* in 100 ml.

(c) No sample shall contain more than 10 coliform organisms per 100 ml.

(d) Coliform organisms shall not be detectable in 100 ml of any two consecutive samples.

For the purpose of water analysis the coliform group shall include all gram-negative, non-spore-forming rods capable of fermenting lactose with the production of acid and gas at 37 °C in less than 48 h. *E. coli* shall be regarded as a gram-negative, non-spore-forming rod capable of fermenting lactose with the production of acid and gas at both 37 °C and 44 °C in less than 48 h; it produces indole in peptone water containing tryptophane and is incapable of utilizing sodium citrate as its sole source of carbon.

Where chlorinated water affects the product deleteriously in any way, such water shall be dechlorinated immediately before use.

3.1.4.2 *Sea water.*—Clean, uncontaminated, fresh running sea water may be used in the plant provided that the count of coliform organisms does not exceed 50 organisms per 100 ml of the water and no *E. coli I* are detectable in 100 ml of the water.

3.2 REQUIREMENTS FOR EMPLOYEES ENGAGED IN THE PREPARATION AND PROCESSING OF THE PRODUCT.

3.2.1 (a) No person who is suffering from or who is a carrier of any communicable disease, and diarrhoea in particular, or is suffering from any condition causing a

enige deel van die liggaam veroorsaak, mag toegelaat word om te help met die voorbereiding, verwerking, hantering of vervoer van die produk nie of om in enige deel van die fabriek waar die produk voorberei, verwerk, gehanteer of vervoer word, te werk nie.

(b) Geen persoon van wie dit bekend is dat hy aan 'n siekte ly wat deur voedsel oorgedra kan word of dat hy 'n draer is van so 'n siekte-infeksie of dat hy aan besmette wonde, sere of enige siekte ly, mag toegelaat word om in enige deel van die fabriek werk te doen wat dit moontlik maak dat hy die produk met patogeniese organismes kan besmet nie.

(c) 'n Inspekteur het die reg om die bestuurder van enige fabriek te vra om enige mediese sertifikaat wat deur 'n werknemer ingedien is, aan hom vir ondersoek te toon.

(d) Geen persoon wat 'n snyplek het of aan 'n besering ly, mag met die voorbereiding, verwerking, hantering of vervoer van die produk in die fabriek help tensy die snyplek of besering so behandel of verbind is dat bloed nie die produk kan besoedel nie.

3.2.2 Nòg die werknemers se persoonlike besittings nòg hul voedsel mag in die voorbereidings-, verwerkings- of verpakkingsafdelings van die fabriek toegelaat word nie. Geen voedsel mag in hierdie afdelings deur personeel voorberei of genuttig word nie.

3.2.3 Spoeg en die gebruik van tabak in watter vorm ook al binne die voorbereidings-, verwerkings- en verpakkingsafdelings van die fabriek is verbode. Houers wat vir die voorbereiding of verpakking van die produk gebruik word, mag nie gebruik word om uit te drink nie.

3.2.4 Alle werknemers wat met die voorbereiding en verwerking van die produk tot en met die verpakkingstadium besig is, moet skoon, ligkleurige, beskermende klere en skoon, wasbare of wegdoenbare hoofbedekkings om hulle hare te bedek, dra. Waterdigte, beskermende klere moet van plastiek of rubber wees. Oorpakke moet die werknemers se persoonlike klere heeltemal bedek. Moue mag nie tot onderkant die elmboog reik nie tensy dit deur plastiekoortrekmoue bedek is of in vries- of koelkamers gedra word. Alle beskermende klere moet van higiëniese ontwerp wees, moet heel gehou word en mag nie 'n bron van besoedeling vir die produk wees nie. Beskermende klere mag nie in werkkamers gebêre word nie; wanneer dit nie gebruik word nie, moet dit in kleedkamers gehou word en dit mag nie van die perseel af verwyder word nie, behalwe om in higiëniese toestande gewas te word. Waterdigte beskermende klere moet gedurende werkpouses en met besoeke aan sanitêre geriewe uitgetrek en aan hake by die uitgange van die voorbereidings- en verwerkingsafdelings gehang word.

3.2.5 Werknemers moet hulle vingernaels kort en skoon hou en moet hul hande voor hulle begin werk en na elke afwesigheid uit die verwerkingsafdeling van die fabriek met warm water en aanneemlike seep of detergent en dan met 'n aanneemlike ontsmettingsmiddel was, en daarna in skoon, lopende water afspoel. Naelvernis of -lak mag nie op vingernaels gebruik word nie en geen juwele mag gedra word nie.

3.3 BESOEKERS.—Enige persoon wat gedurende werksure die verpakkingsafdeling besoek of binnegaan, moet alle higiëniese vereistes nakom terwyl hy daar is en moet skoon beskermende klere dra wat die fabriek moet verskaf.

3.4 GERIEWE.—Voldoende kleedkamers, wasbakke, stortbaddens en sanitêre geriewe moet verskaf word. Daar moet genoeg warm en koue lopende water, skoon *weggooihanddoeke* of ander aanneemlike middel om die hande mee af te droog, naelborsels, toiletpapier en seep of detergent vir die werknemers beskikbaar wees.

discharge of pus or serum from any part of the body shall be allowed to engage in the preparation, processing, handling or transportation of the product, or to work in any part of the factory where the product is prepared, processed, handled or transported.

(b) No person known to be affected with a disease capable of being transmitted through food, or known to be a carrier of such disease infection, or afflicted with infected wounds, sores or any illness, shall be permitted to work in any part of the factory in a capacity in which there is a likelihood of such a person contaminating the product with pathogenic organisms.

(c) An inspector shall be entitled to demand that the manager of any factory shall produce for perusal by the inspector any medical certificate submitted to the manager by an employee.

(d) No person who is suffering from any cut or injury shall be engaged in any factory in the preparation, processing, handling or transportation of the product unless the cut or injury has been so treated or dressed that the discharge of blood on to the product has been prevented.

3.2.2 Neither workers' personal effects nor their food shall be present in the preparation, processing and packing area of the factory. No food shall be prepared or consumed by personnel in these areas.

3.2.3 Spitting and the use of tobacco in any form shall be prohibited within the preparation, processing and packing areas of the factory. Containers used in the preparation or in the packing of the product shall not be used for drinking purposes.

3.2.4 All employees engaged in the preparation and processing of the product up to and including the packaging stage shall wear clean light-coloured protective clothing and clean washable or disposable headgear to cover their hair. Waterproof protective clothing shall be of plastic or rubber. Overalls shall cover the personal clothing of employees. Sleeves shall not extend below the elbow except when covered by plastic sleevelets or when worn in freezers and cold stores. All protective clothing shall be of hygienic design, shall be in good repair and shall not constitute a source of contamination of the product. Protective clothing shall not be stored in workrooms; when not in use it shall be kept in change-rooms and shall not be removed from the premises except for laundering under hygienic conditions. Waterproof protective clothing shall be taken off and suspended from wall pegs or hooks at exits from preparation and processing areas during intervals between work and during visits to sanitary conveniences.

3.2.5 Employees shall keep their finger nails short and clean and shall wash their hands with warm water and an acceptable soap or detergent and after than in an acceptable disinfectant and then rinse them in clean running water before commencing work and after each absence from the factory processing area. Varnish or lacquer shall not be used on finger-nails, and jewellery shall not be worn.

3.3 VISITORS.—Any person visiting or entering the packing area during the hours of operation shall observe all hygiene requirements when in that area, and shall wear clean protective clothing which shall be provided by the factory.

3.4 COMFORT FEATURES.—Adequate dressing rooms, wash-basins, shower baths and sanitary facilities shall be provided. Ample hot and cold running water, clean disposable towels or other acceptable means of drying the hands, nail brushes, toilet tissue and soap or detergent shall be available to employees.

4. VEREISTES VIR BESTANDDELE.

4.1 TOESTAND VAN BESTANDDELE.—Alle grondstowwe en bestanddele wat by die voorbereiding van die produk gebruik word, moet skoon, gesond, van goeie kwaliteit en in elke opsig geskik vir menslike gebruik wees. Die bewaring, hantering en vervoer van vis vir verwerking ter see en op land moet in higiëniese toestande gedoen word.

4.2 VOORBEREIDING VAN VIS.

4.2.1 Alle vis wat by die voorbereiding van die produk gebruik word, moet vry van skubbe wees en moet deeglik skoongemaak word in toestande wat verseker dat dit vry van besoedeling is. Binnegoed, derms en los stukkies vleis en vel moet verwyder word.

4.2.2 Indien die vis oopgesny word, moet dit netjies met 'n skerp mes gedoen word. Indien die vis ontgraat word, moet die vinne en ruggraat verwyder word. Oopgesnyde vis of vismootjies of dele van mootjies moet skoon wees en alle verflenterde rande moet afgesny word. Lelike bene wat uitsteek, moet verwyder word.

4.3 HOUTROOK.—Houtrook vir die rook van die produk moet verkry word deur aanneemlike hout wat vry is van gom, hars, verf, houtverduursamingsmiddels of ander bygevoegde stof, te verbrand.

4.4 KLEURSTOF.—Enige geskikte kleurstof wat in die regulasies opgestel kragtens die Wet op Voedingsmiddels, Skoonheidsmiddels en Ontsmettingsmiddels toegelaat word, kan by die voorbereiding van die produk gebruik word.

4.5 SOUT.—Sout wat by die voorbereiding van die produk gebruik word, moet eetbaar wees en mag nie bitter wees nie. Dit moet vry wees van rooi halofielorganismes. Dit moet sover moontlik ook vry van ander halofielorganismes wees.

5. VEREISTES VIR DIE PRODUK.

5.1 SOUT EN ROOK.—Die produk moet in higiëniese toestande aanneemlik gesout en gerook word en alle moontlike voorsorgmaatreëls moet getref word om te verseker dat die produk nie besoedel raak of bederf nie.

5.2 ALGEMENE VEREISTES.

5.2.1 Die produk moet 'n aantreklike kenmerkende voorkoms en kleur hê. Die kleur moet vir bepaalde oppervlakke met en sonder vel eenvormig wees.

5.2.2 Die smaak en reuk van die produk moet kenmerkend wees. Dit moet vry wees van bysmake, byreuke, galsterige oliesmake en -reuke.

5.2.3 Daar mag geen stukkende stukkies vis aanwesig wees nie.

5.2.4 Die produk moet tydens die vervaardigingsproses vry gehou word van residuele gestolde bloed, afgeskuurde materiaal en swart spikkels as gevolg van die rookproses. Vel moet netjies gesny word en mag nie los of in so 'n mate beskadig wees dat dit wesenlik die voorkoms van die eenhede benadeel nie.

5.2.5 Die produk moet vry wees van vesels, sand, vuiligheid en ander vreemde stof.

5.2.6 Die produk mag geen teken van parasitiese of insekverpesting toon nie.

5.2.7 Preserveermiddels mag nie in die produk gebruik word nie.

5.2.8 Die temperatuur van die produk moet binne 6 h nadat dit uit die rookkamer gehaal is tot 4 °C verminder word. Indien dit nie vakuumverpak gaan word nie, moet dit by 'n temperatuur van hoogstens 4 °C gehou word. Vakuumverpakte produkte moet by 'n temperatuur van hoogstens —20 °C bewaar word.

4. INGREDIENT REQUIREMENTS.

4.1 CONDITION OF INGREDIENTS.—All raw materials and ingredients used in the preparation of the product shall be clean, sound, of good quality, and in every way fit for human consumption. The storage, handling and transportation of fish for processing both at sea and on land shall be performed under hygienic conditions.

4.2 PREPARATION OF FISH.

4.2.1 All fish used in the preparation of the product shall be free from scales and shall be cleaned thoroughly under conditions that ensure freedom from contamination. Viscera, gut and ragged pieces of flesh and skin shall be removed.

4.2.2 If the fish is split, it shall be smoothly cut with a sharp knife. If the fish is filleted, the fins and backbone shall be removed. Split fish or fillets or portions of fillets shall be clean and all ragged edges shall be trimmed off. Unsightly protruding bones shall be removed.

4.3 WOOD SMOKE.—Wood smoke for the smoking of the product shall be obtained by the use of acceptable wood that is free from gum, resin, paint, timber preservative or other added substance.

4.4 COLOURING SUBSTANCES.—Any suitable colouring substance permitted by the Regulations under the Foodstuffs, Cosmetics and Disinfectants Act, may be used in the preparation of the product.

4.5 SALT.—Salt used in the preparation of the product shall be edible and free from bitterness. It shall be free from red halophilic organisms. As far as possible it shall also be free from other halophilic organisms.

5. REQUIREMENTS FOR THE PRODUCT.

5.1 SALTING AND SMOKING.—The product shall be acceptably salted and smoked under hygienic conditions, and every precaution shall be taken to ensure that the product does not suffer contamination or deterioration.

5.2 GENERAL REQUIREMENTS.

5.2.1 The product shall have an attractive, characteristic appearance and colour, the latter uniform for particular surfaces with and without skin.

5.2.2 The flavour and odour of the product shall be characteristic. Off-flavours and off-odours and rancid oil flavours and odours shall not be present.

5.2.3 No broken pieces of fish shall be present.

5.2.4 In the manufacturing process the product shall be kept free of residual clotted blood, abraded material and black specks from the smoking process. Skin shall be neatly trimmed and not be loose or damaged to such an extent that it materially affects the appearance of the units.

5.2.5 The product shall be free from fibre, sand, grit and other extraneous matter.

5.2.6 The product shall show no evidence of parasitic or insect infestation.

5.2.7 Preservatives shall not be used in the product.

5.2.8 The temperature of the product shall be reduced to 4 °C within 6 h of its removal from the smoking chamber. If it is not to be vacuum-packed, it shall be maintained at a temperature not in excess of 4 °C. Vacuum-packed products shall be stored at a temperature not in excess of —20 °C.

5.3 MIKROBIOLOGIESE VEREISTES.—Volgens die metode in kolom 3 van Tabel 1 getoets, moet die produk aan die vereistes in kolom 2 voldoen.

TABEL I

1	2	3
Organisme	Gehalte, maks. per gram*	Toets-metode-onder-afdeling
Totale telling (by 35 °C) van lewensvatbare organismes	100 000	8,6
Halofielorganismes	1 000	8,14
Staphylococcus aureus	10	8,7
Salmonella	—	8,8 8,9
Shigella	—	8,10
Patogeniese klostridia	—	8,11
Kolivormige organismes	10	8,12
E. coli I	—	8,13

* Die produk moet ook aan al die ander toepaslike vereistes wat kragtens die wet op Voedingsmiddels, Skoonheidsmiddels en Ontsmettingsmiddels voorgeskryf is, voldoen.

6. VERPAKKING.

6.1 VERPAKKING ONDER HIGIËNIESE TOESTANDE.—Die produk moet onder toestande wat vryheid van besoedeling sal verseker, voorberei en in houers verpak word. Geen materiaal wat 'n smaak of reuk aan die produk verleen of enige verkleuring, bederf of besoedeling van die produk veroorsaak, mag as onmiddelike houer vir gerookte snoek gebruik word nie.

6.2 VERPAKKING.—Die produk moet verpak wees in doeltreffende buitehouers van hout, veselbord of ander soortgelyke aanneemlike materiaal. Houthouers moet gemaak wees van skoon droë hout wat geen tekens van skimmel toon nie. Die houers moet skoon, netjies en heel wees en mag geen reuk hê nie. Houers moet met vetdigte papier, sellulosefilm of nie-giftige inerte plastiekfilm gevoer wees.

7. MERKE.

7.1 MERKE OP HOUERS.—Uitgesonderd soos in 7.4 toegelaat, moet die volgende besonderhede leesbaar en onuitwisbaar op elke houer aangebring wees in druk wat so groot en opvallend is soos voorgeskryf by regulasies kragtens die Wet op Voedingsmiddels, Skoonheidsmiddels en Ontsmettingsmiddels en die Wet op Mate en Gewigte:

(a) Die naam en volledige besigheidsadres van die fabrikant, vervaardiger, eienaar of beherende maatskappy of, in die geval van houers wat vir enige ander persoon of organisasie verpak is, die naam en volledige besigheidsadres van sodanige persoon of organisasie;

(b) 'n juiste beskrywing van die produk;

(c) in die geval van produkte wat in die Republiek en die gebied Suidwes-Afrika verkoop gaan word, die netto massa van die inhoud;

(d) die land van herkoms;

(e) enige etikettering wat spesifiek volgens regulasie vereis word;

(f) die datum van vervaardiging en die identiteit van die fabriek waarin die produk verpak is; 'n kode kan hiervoor gebruik word mits die sleutel tot sodanige kode aan die owerheid wat hierdie spesifikasie toepas, bekendgemaak word.

7.2 ETIKETTE.

7.2.1 Die besonderhede volgens 7.1 vereis, moet op die onmiddellike houer of op die toedraaipapier wat die onmiddellike houer bedek of op 'n etiket van aanneemlike materiaal wat aan die onmiddellike houer bevestig is of, in die geval van 'n deursigtige houer, in die onmiddellike houer ingesluit is, aangebring wees.

5.3 MICROBIOLOGICAL REQUIREMENTS.—When tested in accordance with the method referred to in column 3 of Table 1, the product shall comply with the requirements given in column 2.

TABLE I

1	2	3
Organism	Content, max. per gram*	Test method subsection
Total count (at 35 °C) of viable organisms	100 000	8,6
Halophilic organisms	1 000	8,14
Staphylococcus aureus	10	8,7
Salmonella	—	8,8 8,9
Shigella	—	8,10
Pathogenic clostridia	—	8,11
Coliform organisms	10	8,12
E. coli I	—	8,13

* The product shall also comply with all other applicable requirements promulgated in terms of the Foodstuffs, Cosmetics and Disinfectant Act.

6. PACKING.

6.1 PACKING UNDER HYGIENIC CONDITIONS.—The product shall be prepared and packed into containers under conditions which ensure freedom from contamination. No material that imparts a flavour or an odour to the product or in any way causes discoloration, deterioration or contamination of the product shall be used as the immediate container for smoked snoek.

6.2 PACKAGING.—The product shall be packed in effective outer containers made of wood fibreboard, or similar acceptable material. Wooden containers shall be made of clean, dry wood showing no evidence of mould. The containers shall be clean, neat and unbroken and free from odour.

Containers shall be lined with grease-proof paper, cellulose film, or non-toxic, inert plastic film.

7. MARKING.

7.1 MARKINGS ON CONTAINERS.—Except as allowed for in terms of 7.4, the following information shall appear legibly and indelibly on each container in type of such size and presentation as are prescribed by regulation under the Foodstuffs, Cosmetics and Disinfectants Act and the Weights and Measures Act:

(a) The name and full business address of the manufacturer, producer, proprietor or controlling company or, in the case of containers packed for any other person or organisation, the name and full business address of that person or organisation;

(b) a true description of the product;

(c) in the case of products for sale in the Republic and in the territory of South-West Africa, the net mass of the contents;

(d) the country of origin;

(e) any labelling specifically called for by regulation;

(f) the date of manufacture and the identity of the factory in which the product was packed, the use of a code being permissible provided that the key to such code is disclosed to the authority administering this specification.

7.2 LABELS.

7.2.1 The information required by 7.1 shall be printed on the immediate container or on the overwrap covering the immediate container, or on a label of acceptable material attached to the immediate container or, in the case of a transparent container, enclosed in the immediate container.

7.2.2 Etikette op houers moet skoon en netjies wees, en moet stewig bevestig wees. Dit mag nie oor ander etikette of oor besonderhede wat direk op die houer gedruk is, aangebring word nie. Slegs die fabrikant of sy gemagtigde agent mag die etikette aanbring.

7.2.3 Etiket- of verseëlingskleefmiddels wat onder die bewaringstoestande vir die verpakte produk maklik kan agteruitgaan, mag nie gebruik word nie.

7.3 MERKE OP VERPAKKINGS.—Buiteverpakkings moet skoon, netjies en heel wees. Die getal en grootte of netto massa van die onmiddellike houers daarin moet saam met die besonderhede volgens 7.1 (a), (b), (e) en (f) vereis, behalwe dat die besigheidsadres nie volledig nie maar voldoende vir identifiseringsdoeleindes hoef te wees, op elke sodanige verpakking (krat, kartondoos, doos, ens.) in druk- of sjabloonletters aangebring wees.

7.4 MERKE OP HOUERS VIR UITVOER.—Houers vir uitvoer kan op 'n ander manier as volgens die vereistes van hierdie onderafdeling gemerk word, mits daar geen poging tot wanvoorstelling van die produk is nie en die besonderhede wat volgens 7.1 (f) verlang word, òf op die houer òf op 'n verpakkingstrokie wat bo-op die inhoud geplaas word voordat die houer verseël word, aangegee word. Daar moet aan die vereistes van die invoerland voldoen word.

8. METODES VIR MIKROBIOLOGIESE ONDERSOEK.

